

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XXII, No. 802

6 AUGUSTUS 1937

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

Die Afrikaanse Psalmboek

SOWAT twee weke gelede het die dagblaai ons die verblydende nuus gebring dat die Afrikaanse Psalmboek gereed is, en eersdaags sal dit in die hande van die publiek gestel word. Tereg het prof. Gerrit Dekker in sy interessante artikels wat ons onlangs geplaas het, verklaar dat dit die kroon is op een van die belangrikste en vrugbaarste periodes in ons ontwikkelingsgang as volk. Dit is voorwaar 'n voorreg wat die Afrikaanse volk het dat hy nie alleen die Bybel in 'n vertaling wat onder die bestes in die wêreld gereken word, besit nie, maar nou ook van die Psalms, wat so innig saamgeweef is met sy hele voor-gesiedenis, 'n vertolking het wat sowel vanuit 'n estetiese as 'n leer-stellige oogpunt beskou, 'n groot verbetering is op die oorspronklike wat by ons in gebruik was. Ons sê dit sonder om daarmee 'n verkleinerende houding teenoor die geliefde ou Nederlandse Psalmboek in te neem en met 'n gevoel van dankbaarheid dat dit die geval mag wees.

Dit is 'n merkwaardige feit dat hierdie grootse ideale om die Bybel en die Afrikaanse Psalmboek in ons eie taal beskikbaar te hê, juis die vrug is van 'n tydperk waarin die Afrikanervolk die ontsettelike lyding en teleurstelling deurgemaak het. Want ongetwyfeld sou die volkswording wat so iets moontlik gemaak het, nie tot stand gekom het as die volk nie daardie lydensweg moes gevolg het nie. Dit is ook 'n bemoedigende feit dat die eerste behoefte wat gevoel is toe die Afrikanervolk bewus begin word het van sy eie nasiewording, veral na die oorlog van 1899-1902, dié was om die Bybel in sy eie taal beskikbaar te hê. 'n Mens kan nie anders nie as om daarin 'n bestiering van Hoërhand te sien.

Maar by die dankbare aanvaarding van die Afrikaanse oorsetting is dit met 'n gevoel van weemoed dat die volk afskeid sal neem van die Nederlandse Psalmboek. Dit het byna drie eeue gelede saam met die eerste nedersetters hierheen gekom. By die wieg van ons nasie is daaruit gesing, en toe die Vooortrekkers die onbekende binneland ingegaan het, het die Psalms oor ons wye vlaktes weergalm. Hulle het gedien om lof te betuig oor wonderbaarlike uitredding en het biddend opgestyg in die ure van benoudheid. Die mooiste momente en die donkerste oomblikke in ons geskiedenis is innig verbonde met die Psalmboek en die Statebybel, wat albei 'n onafskeidelike deel

geword het van ons volkslewe en kragtig meegewerk het om die jong Afrikaanse kultuur in stand te hou en wortel te laat skiet in eie bodem. En wie sal ooit kan vasstel hoeveel hul skoonheid bygedra het om die estetiese gevoel van die volk te verfyn en te veredel?

Naas veel wat mooi is in die Nederlandse Psalmboek is daar egter ook Psalms wat esteties onbevredigend is en selfs gedeeltes wat nie 'n suiwere vertolking van die Skrif is nie. Daarby kom nog dat

bydrae wat in ons uitgawe van 16 Julie verskyn het.

Die Afrikanervolk kan hom gelukkig ag dat op die tydstip toe ons hom nodig gehad het die digter Totius beskikbaar was, 'n man wat in die tradisie van die Afrikaanse Taalbeweging opgegroeï, wel en wee met die Afrikanervolk meegemaak, die diepste lye van die volk in sy roerende verse vertolk het, en toe, as finale voorbereiding vir sy grootse taak as psalmdigter, aangewys is om die Bybel in Afrikaans te help oorsit. Uit 'n artikel wat ons eersdaags plaas, sal ook blyk met watter geduld Totius steeds die kritiek van godsdienstige sowel as

teologiese sowel as letterkundige reviseurs, en nie die minste aan die leiers van die drie Hollandse Kerke nie, is die volk innige dank ver-skuldig vir die toegewyde arbeid wat hulle hul getroos het om die belangrike werk te voltooi.

RIKKERT HOEKSTRA †

MR. RIKKERT HOEKSTRA, oud-dosent in die Nederlandse letterkunde aan die Normaalkollege in Bloemfontein, en aan ons lesers bekend as een van ons gereelde medewerkers, is onlangs skielik oorlede aan sy woning in Seepunt, Kaapstad. Die oorledene het 'n paar maande voor die Tweede Vryheidsoorlog as onderwyser na Transvaal gegaan, maar is met die aanvang van die vyandelikhede na Holland teruggestuur. Na die vrede, toe die C.N.O.-skole in Transvaal opgerig is, het hy andermaal na Suid-Afrika gekom en belangrike baanbrekerswerk in die verwoeste land verrig. Hy het onder andere op Ventersdorp skoolgehou en is later deur dr. Viljoen benoem as dosent aan die Normaalkollege in Bloemfontein. Van sy hand het verskyn *Letterkundige Opstellen, Zuid-Afrikaanse Proza-bundel* (saam met dr. Viljoen uitgegee) en heelwat vertalings van skoolboeke.

Mnr. Hoekstra was 'n man van fyne beskawing en besonder beminlike geaardheid. Laasgenoemde eienskap het ook in sy resensies deurgestraal, want hoewel hy nooit geaarsel het om 'n swak werk te kritiseer nie, was sy teregwysings altyd vriendelik en sy kritiek nooit afbrekend nie. Hy was altyd blymoedig en opgewek, selfs al het sake nie na wens gegaan nie, en was bedeel met 'n fyn humorsin. Kortom, 'n man wat 'n mens dadelik getref het as 'n Christen en 'n gentleman van die ou stempel, en sy nagedagtenis sal in wye kring in ere gehou word as 'n persoon wat as onderwyser en medewerker van talryke tydskrifte belangrike dienste aan sy aangenome vaderland bewys het.

DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD van Kaapstad belooft om andermaal 'n groot sukses te wees, want hoewel die Engelse Eisteddfod, wat onlangs gehou is, heelwat mededingers getrek het wat anders aan die Afrikaanse wedstryde sou deelgeneem het, is daar tog nog

(Vervolg op bladsy 95.)

V E R B Y

*As ons dan eendag van mekaar moet skei,
laat langsaam net jou hand uit myne gly
en gaan geruisloos dan die donker in,
waar nou die nag se grote swye begin,
jou voetval op die doudeurweekte gras,
jou wolkwit kleed al waaiend oor die gras.
Verniet sal ek alleen hier lê en wag
— geen lied, geen stem wat fluister in die
nag —
met oë leeg, wat in die duister staar,
waarop die dou val 'n verwelkte blaar.*

J. N. v. d. M.

die beelde dikwels ontleen is aan 'n omgewing wat vir die Afrikaner geheel en al vreemd is. En hoe simpatiek ons ook al teenoor die Nederlandse taal mag staan, die feit bly dat namate Nederlands deur Afrikaans verdring is, die Nederlandse Psalms vir die minder goed onderlegde persoon al meer en meer onverstaanbaar geword het. Ook om hierdie rede het 'n Afrikaanse oorsetting dus dringend noodsaaklik geword.

Watter eise aan die vertolker gestel is, sal niemand ooit voldoende kan beseft nie; want hy moes nie alleen die inhoud van die Hebreëse sange juis weergee nie, maar Oosterse beelde by ons Afrikaanse landsaard aanpas, leerstellige eise in die oog hou en hom nog binne die grense van die Nederlandse versmaat beweeg, daar vir die meeste Psalms die Nederlandse melodie behou is. Ons sal egter nie verder hieroor uitwei nie, daar ons medewerker, prof. Dekker, reeds uitvoerig stilgestaan het by hierdie sy van die saak in sy skitterende

letterkundige sy op sy werk bejeën het. Hy was altyd bereid om te erken dat dit nie volmaak was nie en het telkens verse en soms hele psalms omgewerk. 'n Mens voel inderdaad, soos prof. Dekker in sy artikel opmerk, dat Totius „se hele ontwikkelingsgang as mens en as digter so kennelik 'n voorbereiding is vir hierdie hoë taak, die kroon op sy lewenswerk, dat (ons) daarin alleen 'n goddelike bestiering kan sien.” Daarom wil ons in alle beskeidenheid hulde bring aan hierdie groot volks- en kerkman, wat hom met soveel toewyding oorgegee het aan die moeisame taak om aan sy volk die geliefde Psalmboek in Afrikaans te gee.

Dat daar soms verskil van mening was oor sake van leerstellige en ander aard tussen die verteenwoordigers van die drie Hollandse Kerke wat die ingesonde berymings moes beoordeel, spreek vanself. Maar gelukkig het die geskille nooit tot ernstige botsings gelei nie en kon die werk in die grootste harmonie voltooi word. Aan almal,